# DIE JORDAANTJIE

## Nuusbrief van Primêre Skool Jordania

13/2024 26 April 2024

### IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KANTOOR
1. Jordania Opedag
2. Akademiese werk en skoolbywoning
3. Rugby uitslae
4. Bergfietsry
5. Personeelverjaardae
6. Hokkie
7. Kleredrag
8. Buite aktiwiteite
9. Skoolfonds vir 2024




**2024 SKOOLKWARTALE**

**2de:** 3 April – 14 Junie
**3de:** 9 Julie – 20 September
**4de:** 1 Oktober – 11 Desember

### UIT DIE KANTOOR

Ons is tans besig met ons wintersportprogram en dit is wonderlik om te sien hoe baie kinders deelneem in die verskillende spanne. Ons neem ook aan wedstryde en toernooie deel om goeie kompetisie vir al die sapnne te kry. Mense voel natuurlik verskillend oor hierdie saak – om kinders aan kompetisie op ‘n vroeë ouderdom bloot te stel. Party mense voel dat dit ‘n goeie ding is omdat dit jou op jou tone hou en net die beste in jou uitbring. Ander voel weer dat daar onnodige druk op kinders geplaas word en dat hulle dan juis wegskram van ‘n sekere aktiwiteit en nie ten volle ontwikkel nie. Ek stem saam dat kompetisie nie noodwendig ‘n slegte ding is nie, maar dan moet ‘n mens dit vir die regte redes doen. As dit is om kinders ten volle te laat ontwikkel, dan is dit goed om jou teen ander te meet. Die probleem is egter dat te veel van ons as ouers ons kinders met mekaar vergelyk en vergeet soms dat elke kind in sy/haar eie reg talente ontvang het. So, is een kind geseënd om vinnig te kan hardloop en ‘n ander een kan weer baie goed Wiskunde doen of mooi sing. Ek wil die volgende voorstel maak: Hou op om u kind/ers met ander mense se kinders te vergelyk en fokus eerder daarop om sy/haar bestaande talente uit te brei. U moet onthou: Kinders wat onnodig druk vanaf hul ouerhuis kry, reageer soms verkeerd, bv. is oneerlik in ‘n toets of sportwedstryd – net om hul ouers tevrede te stel, sodat hulle tog net beter as hul “kompetisie” kan doen. Dit is waarvoor ons moet pasop! Mooi naweek en sterkte vir volgende week.

> ***“Competition is a good thing; it forces us to do our best.”*** Nancy Pearcey

**1. Jordania Opedag vir 2025 leerders**

Ons jaarlikse opedag vind op **Saterdag, 4 Mei 2024** plaas. Alle voornemende Graad R en 1 ouers en leerders van 2025 word uitgenooi – **ook leerders van ander grade buite die skool wat belang stel om die skool of koshuis te kom besoek.** Bevestig u plek by die kantoor en stuur asb. vir u vriende aan. (Sien die advertensie langsaan)

**2. Akademiese werk en skoolbywoning**

Ons versoek ouers om gereeld met hul kinders te gesels oor die belangrikheid van hul akademiese werk. Ook dat hulle sal seker maak dat leerders hul huiswerk getrou doen sodat hulle nie agter raak nie. Dit is derhalwe ook belangrik dat ouers sal toesien dat leerders elke dag skool bywoon en nie onnodig uit die skool gehaal sal word nie. Baie dankie vir u samewerking.

**Afrikaanse woord van die week:**

**Lummel:** *‘n Groot, dikwels onhandige of ongemanierde persoon.*

## Kontak ons:

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700
Tel: 058 303 4116 / 5918
Faks: 058 303 4264
Epos: jordania@jordaniapri.co.za
www.jordaniaprimer.co.za




### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Di, 30 Apr: Vrystaat Netbalproewe (Wel)
Wo, 1 Mei: Werkersdag (Geen skool)
o/11 Inter Africa tennis (Bhm)
Do, 2 Mei: o/11 Inter Africa tennis (Bhm)
Vr, 3 Mei: Jorrie Markdag
Dep. Vasvrakompetisies
Griffons rugbyproewe (Welk)
o/11 Inter Africa tennis (Bhm)
Sa, 4 Mei: Jordania Opedag
Griffons rugbyproewe (Welk)
o/11 Inter Africa tennis (Bhm)

### BANKBESONDERHEDE

Jordania Primêre Skool
Standard Bank Harrismith
Takkode: 051001
Nommer: 042 117 453

**3. Rugby uitslae**

Uitslae van die vriendskaplike wedstryde teen Graanveld was as volg:

- o/9C/D vs Graanveld o/9B verloor 0-5
- o/11C/D vs Graanveld o/11B **wen** 26-0
- o/13C/D vs Graanveld o/13B **wen** 52-0

Vandag speel al ons netbal- en rugbspanne teen Fichardtpark van Bloemfontein. Baie sterkte aan al die spanne.

*100% Jorries*

**4. Bergfietsry**

Tydens die XCM wedren wat te Clocolan plaasgevind het het ons leerders weer goed gevaar in hul onderskeie afdelings. Die uitslae was as volg

- Lané Fouche: 1ste (Sprog – 15km)
- Ricco Fourie: 1ste (Nipper – 15km)
- Wian Botes: 2de (Sprog – 15km)
- Ané Nel: 2de (Nipper – 15km)
- Nel Schutze: 6de (Sprog – 15km)
- Janco Fourie: 9de (Sub-junior – 30km)
- Dian Nel: 18de (Nipper – 15km)

Baie geluk met die mooi prestasies.

**5. Personeelverjaardae**




Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 28 April: Estelle Visser
- 2 Mei: Barbara Zietsman (Arbeidsterapeut)

Mag julle 'n mooi en geseënde jaar beleef.

**6. Hokkie**

Die volgende leerders is in die Noord-Vrystaat Griffons o/12A spanne ingesluit wat die vakansie aan 'n toernooi te Pietermaritzburg gaan deelneem:
**Dogters:** Demaine van Deventer
**Seuns:** Wian Steyn en Ewan Sartain
Baie geluk en sterkte vorentoe aan hierdie spelers.

NB!

**7. Kleredrag**

Gedurende Aprilmaand word daar 'n vergunning gemaak dat leerders 'n keuse het tussen somers- en winterskooldrag. **Vanaf 2 Mei moet alle leerders wintersklere skool toe dra.** Maak ook asb. seker dat u kind sportdrag dra slegs wanneer hulle skoolsport direk na skool het of Liggaamlike Opvoeding as vak op daardie dag het. Baie dankie vir u samewerking.

**8. Buite aktiwiteite**

**Gimnastiek:** Leerders wat tydens die Noord-Vrystaat vriendskaplike kompetisie goed gevaar het is:

- Dogters vlak 1: Mienke Schoeman (Brons), Nicole Nieuwenhuizen (Goud), Clara-Belle Buitendag (Silwer), Milandrie Schoeman (Silwer), Franja Wagner (Goud), Charlotte Nienaber (Brons).
- Seuns vlak 1: Clayton Cloete (Silwer)
- Dogters vlak 2: Tayla Ware (Silwer), Hesté du Preez (Brons)

Baie geluk aan hierdie gimnaste. (Sien ook die dansuitslae op die volgende bladsy)

**9. Skoolfonds vir 2024**

Maak asb. seker dat u kind se skoolfonds tot op datum vereffen is. Baie dankie aan ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal het. Dit is die enigste manier hoe ons kwaliteit onderrig en opleiding aan ons leerders kan verskaf. Die jaarlikse bedrag beloop R14 000 (Graad 1-7) en R14 500 (Graad R). Kontak Alta met navrae.

**Buite aktiwiteite (vervolg)**

**Dans:** Dansuitslae van die All Black, Phoenix en Easter kampioenskappe is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Anja Cronje: | All Black → | Novice Freestyle 3de |
| | | Novice Slow 1ste |
| Chloe Steyn: | All Black → | Champ Solo 5de |
| | | Champ Solo 6de |
| Ilan Maree: | Phoenix → | Beginner Solo 1ste |
| | | Beginner Slow 1ste |
| Alayla Howell: | All Black → | Beginner Freestyle 2de |
| | | Beginner Slow 2de |
| | Phoenix → | Beginner Solo 2de |
| | | Beginner Slow 2de |
| Leanette Schoeman: | All Black → | Novice Freestyle 5de |
| | | Intermediate Slow 3de |
| | Phoenix → | Rising star Solo 4de |
| | | Rising star Slow 3de |
| Yente Wachter: | Phoenix → | Champ Solo 1ste |
| Skyla van den Berg: | Phoenix → | Rising star Slow 4de |
| | Easter → | Champ Solo 4de |
| | | Rising star Slow 2de |
| Lienke Broodryk: | Easter → | Champ Solo 1ste |
| | | Champ Slow 2de |
| | | Champ qualifier 2de |
| Melandri Cilliers: | Easter → | Rising star Solo 8ste |
| | | Rising star Slow 2de |
| Caylinn Reid: | Easter → | Champ Slow 5de |
| Dané Jacobs: | Easter → | Champ qualifier 3de |



# nuwe MEDIESE PRAKTYK IN BETHLEHEM!!

HUISARTS & KIE
INTEGRATED HEALTHCARE

- Primêre gesinsorg, chroniese behandeling en dringende, maar buite hospitaal sorg
- Spreekure sluit laatmiddae, naweke en vakansiedae in
- Radiologie, patologie, sportbeserings, binneaarse behandeling en in-praktyk prosedures



## DR. MOIRA VAN DER MERWE

De Leeu straat 31

www.huisarts.co.za

064 907 5342

reception@huisarts.co.za


FRONTIER
INN AND CASINO
BETHLEHEM
THE
BEEF BARON
GRILLHOUSE
RESIDENTIA
24 MEI 2024
RESIDENTIA BETHLEHEM
GHOLFDAG VIR HOSPITAALBEDDENS
JOHRNÈ VAN HUYSSTEEN
MC EN SPELER
Balle vir Beddens
R50 000
WMF
FINANCIAL ADVISORS
HOLE-IN-ONE VIR R50 000
MOONTLIK GEMAAK DEUR WMF MAKELAARS
BETTER BALL | SCRAMBLE DRIVE | SHOTGUN START @ 11:00
INSKRYWINGSFOOI - R2000 PER 4-BAL | PUTJIE BORG - R1000
KONTAK:
JANINE GELDENHUYS 071 604 2436 | DALEEN VILJOEN 082 560 1958
GHOLFKARRE:
PRO SHOP: 058 303 0940 OF BY DIVAN GERBER: 079 884 0677
BETHLEHEM GHOLFKLUB | GOLF STR | BETHLEHEM


MERRY-GO-ROUND
NEW FRONTIER
CASINO
26 APRIL - 4 MAY
RIDES R10.R20.R30 &R40
R250 UNLIMITED ALL DAY
R150 UNLIMITED FOR 3 HOURS
0745461114
50 FREE TICKETS UP FOR GRABS EVERY SATURDAY info 0745461114